

Kruispad e-tydskrif Mei 2022

Gaan uit en getuig van die Hemelvaart

Met Hemelvaartsdag herdenk én bely ons dat Jesus na die hemel opgevaar het. Dié dag word 40 dae na Paasfees, na Jesus uit die dood opgestaan het, gevier. Tog vind mens dikwels dat Hemelvaartsdag, wat jaarliks op 'n Donderdag plaasvind, in die alledaagse lewe verlore raak. Dis amper asof, wanneer die langnaweke rondom Paasfees verby is, mens jou afsluit van die res van die Christelike feesdae – tot Kersfees kom! Tog is dit 'n dag wat ons met die nodige erns moet vier.

Met hemelvaart is Jesus se werk op aarde waarlik voltooi. Ons kan dit selfs as die hoogtepunt van sy werk hier beskou. Jesus gaan dan in heerlijkheid terug na sy Vader om saam met Hom tot in alle ewigheid te regeer. Dis veral belangrik om te verstaan dat Jesus moes teruggaan sodat Hy sy Heilige Gees kon uitstort. Deur die Heilige Gees word ons onder andere oortuig dat Christus vir óns kom sterf het, sodat ons uiteindelik die ewige lewe kan kry. Dit is dus noodsaaklik vir ons verlossing!

Ongelukkig is daar baie mense – selfs gelowiges – wat nie mooi weet wat Hemelvaartsdag is en hoekom dit gevier word nie. As Christene is dit ons werk om van ál die gebeure in die Bybel te getuig.

[In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) kyk ons na [die gebeure](#) van hemelvaart; hoekom dit moes plaasvind, en hoekom ons dit moet vier. Ons lees spesifiek van die gebeurtenis van Hemelvaartsdag in Markus 16:19-20, Lukas 24:50-53 en Handeling 1:9-14. Jy kan ook op Kruispad e-tydskrif se webwerf [al die artikels oor hemelvaart](#) gaan lees.

Hierdie jaar val Hemelvaartsdag op 26 Mei 2022. Gaan uit en getuig van wat hierdie wonderlike dag vir ons as gelowiges beteken!

Interessantheid: Lank gelede was Hemelvaartsdag in Suid-Afrika as 'n openbare vakansiedag beskou. Van die 193 lidlande van die Verenigde Nasies, met ander woorde regoor die wêreld, is daar sowat 47 lande wat dit nog as 'n vakansiedag vier. Moenie dat die feit dat jónu land dit nie 'n vakansiedag noem, jou weerhou daarvan om dit te vier nie.

Die gebeure van Jesus Christus se hemelvaart

Wat vier ons met Hemelvaartsdag? [Lees meer](#) van die spesifieke gebeurtenis in die Bybel en wat dit vir ons beteken.

Hoekom moes Jesus teruggaan na sy Vader in die hemel?

Jesus Christus is weg van die Vader in vernedering en is nou terug by die Vader in heerlijkheid. Wat beteken dit? Hoekom moes Jesus hemel toe gaan? [Lees die artikel hier](#).

3 redes waarom dit belangrik is om Hemelvaart te vier

[Lees hier](#) hoekom ons saam met die kerk regoor die wêreld die dag van Jesus Christus se hemelvaart moet vier.

Waar is Jesus Christus nou?

Ons moet die hemelvaart aan ander mense kan verkondig. Daarom moet ons weet waar Jesus is en hoe Hy waarlik God én waarlik mens is. [Lees hier meer](#).

Christus se hemelvaart moet jou in verwondering laat lewe!

Jesus Christus se hemelvaart is deel van sy verlossingswerk op aarde. [Lees hier](#) hoekom Jesus se hemelvaart ons in verwondering moet laat lewe, en meet jou lewe hieraan.

Bybelstudie: Hoe gaan die nuwe hemel en aarde lyk?

Die Here openbaar min oor hoe die hemel lyk, tog kan ons daarvan leer. [In hierdie Bybelstudie](#) ondersoek ons Openbaring 21 waar die nuwe hemel en die nuwe aarde beskryf word.